7 CONSECUTIVE CLEAN AUDITS

SWARTLAND
Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!*
*We shape a beter future!*
*Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/
File ref: 15/4/1

Navrae/Enquiries
Mnr A J Burger

9 April 2021

JM Estate HOA

**VIR AANDAG**: Thys Carstens johnmoller.estate@gmail.com

Meneer

**WYSIGING VAN DIE JM ESTATE BOUHANDLEIDING**

U aansoek gedateer 30 Maart 2021, rakende die onderwerp het betrekking.

Swartland Munisipaliteit vind in beginsel die voorgestelde wysigings in orde. (Neem kennis dat hierdie skrywe nie 'n formele besluit rakende die goedkeuring van die voorgestelde wysigings is nie.)

Kommentaar op die aansoek is soos volg:

1. Die besluit rakende die voorgestelde wysigings is deur die "Bestuurskomitee" geneem. Dui asseblief aan watter paragraaf van die grondwet magtiging aan die "Bestuurskomitee" verleen om wysigings tot die bouhandleiding te neem. Dit blyk dat paragraaf 13 van die grondwet daaroor swyg.
2. Geen bewys is gelewer op watter wyse die voorgestelde wysigings met lede van die eienaarsvereniging gekommunikeer is nie, asook tot watter mate die voorgestelde wysigings ondersteun word deur lede van die eienaarsvereniging nie.
3. Die voorgestelde wysigings bevat verskeie spelfoute en 'n vermenging van beskrywings in Afrikaans en Engels. Stel dit reg asseblief.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

*Rig asseblief alle korrespondensie aan:*
**Die Munisipale Bestuurder**
**Privaatsak X52**
**Malmesbury 7299**

**Tel:** 022 487 9400
**Faks/Fax:** 022 487 9440
**Epos/Email:** swartlandmun@swartland.org.za

*Kindly address all correspondence to:*
**The Municipal Manager**
**Private Bag X52**
**Malmesbury 7299**

**Darling** Tel: 022 492 2237
**Moorreesburg** Tel: 022 433 2246
**Yzerfontein** Tel: 022 451 2366